higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

BOUADMINISTRASIE N4

(4090034)

21 November 2024 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

055Q1E2421

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
BOUADMINISTRASIE N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

Jy werk vir 'n argitek en word gevra om 'n bourekenaar te werf vir 'n nuwe inkopiesentrum in Mountain View. Stel 'n advertensie op waarin jy die volgende noem:

1.1 SES pligte of verantwoordelikhede van die pos. (6)

1.2 VIER eienskappe wat die suksesvolle applikant moet hê. (4)
[10]

VRAAG 2

2.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.6) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1.1 Die menslikehulpbrondepartement is verantwoordelik daarvoor om toesig oor werkers op die bouterrein te hou.

2.1.2 Die finansiële departement moet sorg dat daar genoeg geld is om verskaffers en werkers te betaal.

2.1.3 Dis voordelig om 'n sentrale aankoopdepartement te hê want dit hanteer aankoopbestellings vir verskeie kontrakte op 'n slag.

2.1.4 Die bourekenaar monitor die grondstowwe, arbeid en ander kostes wat aan 'n projek toegewys is en vergelyk dit met die aanvanklike begrotings en beramings.

2.1.5 Boukosteberaming gaan daaroor om kwotasies te kry vir die grondstowwe en arbeid wat benodig word om 'n fisiese struktuur te bou.

2.1.6 Die kontraktedepartement is verantwoordelik daarvoor om alle kontrakte en ander regsooreenkomste wat met 'n bouprojek verband hou, op te stel en te bestuur.

(6 × 1) (6)

2.2 Gee VIER eienskappe van die proses vir oop tenders. (4)
[10]

VRAAG 3

3.1 Om 'n terreinuitleg te teken, beteken jy trek 'n grondplan op van die plek waar die gebou opgerig gaan word. Noem VYF items wat in aanmerking geneem moet word wanneer die terreinuitleg beplan word. (5)

3.2 Noem VYF soorte toerusting wat gebruik kan word om 'n terrein skoon te maak. (5)

3.3 Noem die vereistes wat nagekom moet word vir die volgende:

3.3.1 Sloop van bestaande strukture (2)

3.3.2 Toegangspaaie (3)

[15]

VRAAG 4

4.1 Definieer 'n *Gantt-diagram*. (1)

4.2 'n Klein boukontrak bestaan uit Aktiwiteit A tot E. Stel 'n Gantt-diagram op met die volgende aktiwiteite:

4.2.1 Aktiwiteit A neem twee weke en begin in Week 1

4.2.2 Aktiwiteit B neem drie weke en begin in Week 2

4.2.3 Aktiwiteit C neem drie weke en begin in Week 3

4.2.4 Aktiwiteit D neem twee weke en begin in Week 6

4.2.5 Aktiwiteit E neem twee weke en begin in Week 1

(5 × 1) (5)

4.3 Noem die VIER fases van 'n organisatoriese plan. (4)

[10]

VRAAG 5

5.1 Noem SES riglyne om grondstowwe wat by 'n bouterrein afgelewer word te kontroleer. (6)

5.2 Noem DRIE verskille tussen 'n *belastingfaktuur* en 'n *kwitansie*. (5)


5.3 Noem VIER maniere hoe diefstal 'n bouterrein negatief kan affekteer. (4)

[15]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6

6.1 Gee byskrifte vir die volgende diagram om al die gedeeltes van 'n mobiele steier aan te toon. Skryf slegs die antwoord langs die nommer (1–8) in die ANTWOORDBOEK neer.



(8)

6.2 Noem die toerusting wat gebruik word om 'n gladde afwerking aan vars gegooide beton te gee. (1)

6.3 Gee die naam van die toerusting wat krag aan pneumatiese gereedskap gee. (1)

6.4 Wat is die DRIE voordele van 'n bouhyser? (3)

6.5 Noem TWEE mobiele hysplatforms. (2)

6.6 Noem VYF verskillende soorte uitgrawingstoerusting. (5)

[20]

VRAAG 7

7.1 Noem die soort fondasie vir elk van die volgende omstandighede:

7.1.1 Die vloeroppervlak is klein en die strukturele ladings is laag

7.1.2 Die diepte van die fondasie is drie keer groter as die breedte daarvan

7.1.3 Volgehoue ondersteuning word vir 'n linêere struktuur benodig.

(3 × 1) (3)

7.2 Teken en benoem 'n snit van die smal strookfondasie. (7)

[10]

VRAAG 8

8.1	Noem DRIE hoofkomponente van 'n organisasie.	(3)
8.2	Noem VIER soorte organisatoriese strukture.	(3)
8.3	Verduidelik TWEE verskille tussen 'n *alleeneienaar* en 'n *privaat maatskappy*.	(4)
		[10]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou